Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, 8 November 1950 Prys 3d. No. 51

## Die Laertrek

**Aangesien die Uniale laertrek in Bloemfontein vandag nog in sitting is, kan daar geen nuus in verband daarmee in hierdie uitgawe verskyn nie. Ons uitgawe van 15 November sal egter breedvoerige verslae bevat van die toesprake en verrigtings, wat deur afgevaardigdes geraadpleeg kan word wanneer hulle verslag doen aan hul eenhede.**

# V.V.O. BEGIN TOEGEE AAN SPANJE


**Die V.V.O. se buitengewone politieke komitee het verlede week met 37 teen 10 stemme besluit om lede toe te laat om weer volledige diplomatieke betrekkinge met Spanje aan te knoop. Die verbod op Spaanse deelname aan agentskappe van die V.V.O. is ook herroep. Suid-Afrika het die voorstel, wat van sewe Suid-Amerikaanse state afkomstig was, geondersteun, dog Brittanje het buite stemming gebly omdat — in die woorde van sy onderminister van buitelandse sake — „ons nog steeds die grondslag veroordeel waarop die Franco-bewind rus. Ons is gekant teen baie van die handelinge wat generaal Franco verrig het om sy totalitariese bewind te bestendig."**

**Hy het daaraan toegevoeg dat Brittanje Spanje nie bloot van uit 'n strategiese oogpunt kan benader nie.**

Die week voor hierdie besluit het genl. Franco in 'n skerp toespraak die „valse demokrate" verwyt wat Spanje nog steeds die rug toedraai en probeer om die Spaanse volk te laat honger ly onderwyl dollars na die res van die wêreld uitgeskep word.

Franco het sy volk herinner aan die volgehoue belastering en vyandskap wat hulle moet verduur omdat hulle geestelike waardes hoër stel as stoflike dinge en vaskleef aan 'n lewenswyse wat niemand skade aandoen nie dog hulleself baie goed pas.

Nadat hy die vraag gestel het wat van die wêreld en Wes-Europa in besonder sou geword het het indien dit nie was vir die kruistog van Spanje teen die



Genl. Franco.

Kommunisme nie, het genl. Franco gesê: **„Ons kan lag, want hulle begin nou eindelik in te sien dat ons reg is."**

---

'n Aanslag op die lewe van pres. Truman is verlede week in Washington gedoen deur lede van 'n revolusionêre groep van Puerto Rico. Een van die sluipers is deur die wagte doodgeskiet en 'n ander gewond, terwyl verskeie ander samesweerders in hegtenis geneem is.

# ENGELSE REGERING HANDHAAF ROOIES IN GEHEIME WERK

**Die ontvlugting van die atoomdeskundige, dr. Pontecorvo, uit Brittanje na Rusland het groot verontwaardiging in Amerikaanse amptelike kringe veroorsaak oor die lakse wyse waarop Brittanje sy veiligheidsmaatreëls handhaaf. Die Britte is deur Washington aangesê om hul voorsorgsmaatreëls aansienlik op te knap. Daar is ook ernstige bedenkinge uitgespreek teen die Britse voorheen beroemde „Secret Service" deur wie se hande die een groot „vis" na die ander in die jongste tyd „glip".**

**Britse koerante het verlede week openbaar dat daar inderdaad nog steeds wetenskaplikes, van wie bekend was dat hulle aan die Kommunistiese Party behoort het, in geheime laboratoriums van die landsverdediging werksaam is.**

Volgens die Daily Express is hulle 'n tyd gelede deur die M.I.5 (intelligensiediens) ondervra nadat uitgevind is dat hulle Kommuniste was. Sommige het gesê dat hulle net uit protes teen Chamberlain by die Kommunistiese Party aangesluit het en, ander dat hulle uit bewondering vir die Russe tydens die oorlog aangesluit het maar dat hulle hul pro-Russiese opvattings intussen kwyt geraak het. **Hulle is op grond van hierdie verskonings in hul werk herstel deur die Joodse minister van voorrade (George Strauss, wie se kollega, die minister van oorlog, Strachey — onder wie die M.I.5 val — ook 'n uitgesproke Kommunis was wat tans verklaar dat hy nie meer pro-Russies is nie. Dit kan dus nie verwag word dat wetenskaplikes in die pad gesteek word solank 'n geesgenoot van hulle in sy posisie as oorlogshoof gehandhaaf word nie.**

**So voos is die Britse staat vandag met wie Suid-Afrika so gretig is om 'n gemeenskaplike verdediging teen die Kommunime op te bou.**

---

Tensy waar anders vermeld is alle politieke kommentaar en berigte in hierdie uitgawe geskryf deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, albei van Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

# „BRITSE STELSEL DEUG NIE VIR ANDER VOLKE"

## *Partyblaaie Se Erkenning*

**Verlede week het daar uit die kringe van die Verenigde Party, in die Cape Argus, en uit die kringe van die Herenigde Nasionale Party, in Die Burger, uitdruklike bevestiging gekom vir die Ossewabrandwag se standpunt dat elke volk geregtig is om sy eie staatstelsel te hê — „wat uit die geskiedenis en die toestande van hul eie land spruit." Die verklarings van die Cape Argus en Die Burger is 'n onverwagte beklemtoning van die beleid van die Afrikanereenheidskomitee wat in 1941 in die „Verklaring Namens Volksorganisasies" soos volg uiteengesit is:**

**„Die staatstelsel mag nie op vreemde lees geskoei wees nie. Dit moet wegbreek van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend en moet 'n kragtige landsregering moontlik maak, gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse republieke, met die nodige aanpassing in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange."**

Na aanleiding van 'n eksperiment, wat tans in Brittanje uitgevoer word, om Duitsers op te lei in en vertroud te maak met die begrippe van die Britse demokrasie sodat hulle as apostels daarvan in hulle eie land kan optree, skryf die Cape Argus:

**„Dit is waar dat hierdie reëling montlik tot 'n beter onderlinge begrip kan lei. Dit is egter baie twyfelagtig of dit demokrate van die Duitsers sal maak. As die Duitsers uiteindelik 'n demokratiese volk gaan word, kan dit slegs geskied indien hulle vir hulleself 'n nuwe soort demokrasie ontwikkel van 'n spesifiek Germaanse aard wat spruit uit die geskiedenis en die toestande van hulle eie land, en wat nie 'n nabootsing is van die Angel-Saksiese model nie.**

**„Die politieke opvattings van enige volk word en behoort ook bepaal te word deur sy eie besondere omstandighede — soos dit aanskoulik in Brittanje gesien kan word."**

### GEE O.B. GELYK

Die Cape Argus erken hiermee in beginsel die reg en die billikheid van die Ossewabrandwag se strewe na 'n eie staatstelsel vir die Afrikanervolk. **As die Britse demokrasie nie vir die Duitsers deug nie en as hulle liewer 'n nuwe soort demokrasie moet ontwikkel van 'n spesifiek Germaanse aard, dan deug die Britse demokrasie mos ook nie vir die Afrikanervolk nie en dan is die Ossewabrandwag mos reg om te pleit vir die herinstelling en uitbouing van die nuwe soort demokrasie van 'n spesifiek Afrikaanse aard wat reeds in die voormalige Boererepublieke ontwikkel is.**

**Dit is 'n baie belangrike erkenning.**

### DIE BURGER

Die Burger skryf: „Ons verwelkom hierdie erkening van die Sap-blad."

„In ander woorde", gaan die blad voort „het ons verlede week presies dieselfde gesê, (Die Burger het geskryf „dat die Britse stelsel volgens Duitse denkers nie eens in die verwante Duitsland aard nie" — Red. O.B.). Voortgaande verklaar Die Burger: **„Die Britse parlementêre stelsel deug nie vir die Duitsers en ook nie vir ander volke wat dit al op die proef gestel het nie.**

„Maar nou kom die party namens wie die koerant (die Cape Argus—Red. O.B.) praat, en hou vol dat die Britse parlementêre stelsel met sy vorm van stemreg net die regte ding is vir die Kleurling! Die party het hom ook al by geleentheid ten gunste van die uitbreiding van politieke regte aan alle nie-blankes, insluitende die Bantoe en die Indiërs, verklaar.

„Die demokrasie soos die Angel-Saksers dit verstaan deug nie vir die verwante Duitsers nie (en daarmee stem ons saam) maar wel vir die Bantoe, die Indiërs en die Kleurlinge? Hoe moet ons dit begryp?"

### DIE AFRIKANER?

**Die Ossewabrandwag verwelkom, op sy beurt, hierdie erkenning van die H.N.P.-blad dat die demokrasie soos die Angel-Saksers dit verstaan nie deug vir die Duitsers, die Bantoe, die Indiërs, en die Kleurlinge nie.**

**Maar nou kom die party namens wie Die Burger praat en hou vol dat die Britse parlementêre stelsel net die regte ding is vir die Afrikanervolk. Hoe moet ons dit begryp?**

***Belê veilig en voordelig***

**4½%**

***op onbepaalde termynaandele***

**4%**

***subskripsie - aandele***

*Betaalbaar uit beskikbare winste*

Vaste deposito's tot 3¾%
Spaarrekeninge - - 2½%
op daaglikse saldos

Kom spreek ons by ons naaste kantoor of skryf om ons gratis brosjure wat u alle inligting sal verstrek.

**SAAMBOU**
(*PERMANENTE*)
**BOUVERENIGING**
Hoofkantoor:
SANLAM-GEBOU WAALSTR., KAAPSTAD.
Ook te: Bellville, Bloemfontein en Pretoria.

BATE OORSKRY
£1.800,000

DIE O.B., WOENSDAG, 8 NOVEMBER 1950

# GEVAAR VAN DIE BUL EN HOENDERHAAN

Dr. H. F. Verwoerd het onmiddellik na sy aanstelling as minister van naturellesake sy standpunt teenoor die naturellebevolking bekend gemaak in terme wat elke denkende Afrikaner verwelkom. Hy het verklaar dat hy ernstige pogings wil aanwend om die goeie verhouding tussen die naturel en die Afrikaner te herstel, „want dit bestaan nie meer nie", en voorts beklemtoon dat dit nodig is dat die nie-blankes as bondgenote gewen moet word wat sal meehelp om apartheid in albei se belang uit te voer. Dr. Verwoerd het dit nie net by woorde gelaat nie, maar ook aangekondig dat 'n kommissie benoem sal word om in te gaan op die moontlikhede van ontwikkeling van die naturellegebiede.

Ons twyfel nie dat die opregte klank in die Minister se verklaring en toespraak, soos blyk uit sy versekering dat die Afrikaner geen onderdrukking beoog nie omdat hy self weet wat onderdrukking beteken, 'n aangename indruk sal nalaat. Sy belofte aan die naturelle om hulle persoonlik te gaan toespreek — iets wat in die verlede ongelukkig te veel nagelaat is — sowel as sy verwysing na die goeie reëns wat met sy aanstelling gepaard gaan, openbaar 'n sielkundige begrip wat baie nodig is vir die betrokke portefeulje.

Sover dit die persoonlike aspek betref wil dit dus voorkom asof die faktore gunstig is vir die hantering van hierdie moeilike vraagstuk, **maar ongelukkig sal die goeie saad op baie dorre grond val, soos dr. Verwoerd blykbaar self bewus is, te oordeel na die voorbrand wat hy nodig geag het om op 'n vergadering te Heidelberg te maak:**

„Nasionaliste moet vertroue hê in my dade. Al verstaan hulle nie die stappe wat gedoen word nie, moet hulle glo dat dit in die belang van die blankes gedoen word."

**WAT HY VREES**

As antwoord op 'n Engelse blad wat al dadelik hierdie paragraaf aangryp vir partypolitieke propaganda, verduidelik Die Burger dr. Verwoerd se bedoeling as volg:

„Hy het gesê dat sy eerste taak is om die goeie verhouding van die naturel teenoor die blanke te herstel, en dit wil hy doen deur die positiewe deel van die Regering se apartheidsbeleid uit te voer. So bv. moet die reserwes gerehabiliteer en ontwikkel word, en dit veronderstel o.m. ontwikkeling op die gebied van die landbou, die boswese en die sekondêre nywerheid. Maar nou weet ook dr. Verwoerd uit ondervinding dat die Sap-propaganda soos 'n dubbelloopgeweer is . . . Daarby het die Sap-propaganda egter sy tweede loop waarmee op die Regering losgebrand word wanneer die Regering uit hoofde van sy voogdyskap oor die Bantoe stappe doen om die lot van die naturelle te verbeter. **Dan lui dit dat die Regering op die kaffers geld mors wat die blanke moes toegekom het."**

**Wat Die Burger hier skryf, is alte waar, maar die skietery met die dubbelloop is nie 'n eienskap van sekere skobbejakke wat in ons land bekend staan as „Sappe" nie; dit is 'n eienskap van die partypolitiek en kleef aan elke opposisie of hy nou „Sap" of „Nat" is.** Meeste mense sal nog goed onthou hoe daar in die jare na 1936 aan die volk gesê is dat die destydse regering „bulle en hoenderhane" aan die „kaffers" gee, en hoe dat blanke gehore van opposisiekant moes aanhoor hoeveel miljoene ponde die regering bestee aan die aankoop van naturellegrond teenoor slegs soveel duisend pond wat bestee word aan blanke nedersetting. **Ons het dus hier te doen nie met 'n euwel wat uit die bose harte van niksnutse of saboteurs spruit nie, maar wat kleef aan 'n stelsel wat selfs die groen hout besmet.**

**WORTEL VAN EUWEL**

**Hoe goed 'n minister se bedoelings en hoe bekwaam hy self ook al mag wees, binne die Britse partystelsel het hy geen hoop om die naturellevraagstuk onbelemmerd aan te pak nie.** Hy staan voor die bek van gewere — aan die een kant die verset van ontwortelde naturelle en aan die ander kant die propaganda van die opposisie wat alle dade van die regering by die volk in verdenking moet bring terwille van stemme. **En dat die „goeie verhoudings" waarna dr. Verwoerd verwys „nie meer bestaan nie", moet in die eerste plaas aan hierdie laasgenoemde „geweer" toegeskryf word.** Want as naturelle aan hul volksgenote sê dat die regering hulle onderdruk, dan kan laasgenoemde dit nog afskryf as rasse-vooroordeel, **maar as die helfte van die blankes aanhoudend uit een mond beduie hoe die regering die naturelle onderdruk dan kan hulle, by gebrek aan begrip van die werkinge van die Britse partystelsel, tot geen ander gevolgtrekking kom as dat dit waar moet wees nie. Daarom bestaan die goeie gesindheid by die naturelle nie meer nie. En omdat daar voortdurend 'n opposisie van sy Majesteit is wat aan die blankes vertel dat die regering „geld mors op kaffers" — sy dit op hoenderhane of bulle — kan die goeie verhouding ook nie meer met die daad herstel word nie.**

**Daarom sê die Ossewabrandwag dat die grootste vraagstuk in ons land die partypolitieke vraagstuk is. Los eers dit op, en bekwame mense mag daarna in staat wees om die ander vraagstukke op te los.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Afrikanereenheidskomitee*

Ek het voorverlede week geskryf oor die groot rigtinglyne wat die leiers van ons volk in die afgelope oorlogsjare vasgelê het en waarlangs ons volk moet beweeg na sy toekoms.

Hierdie week wil ek weer oor daardie rigtinglyne skryf en ek hoop om in die toekoms nog dikwels daaroor te skryf.

In 1941 het die belangrike Afrikanereenheidskomitee tot stand gekom onder die voorsitterskap van prof. L. J. du Plessis. Ek wil nou laasgenoemde aan die woord stel oor die samestelling van die komitee en oor die algemeen aanvaarde koers van die eengewese Afrikanervolk. Hy praat in 1941 soos volg:

„Die komitee bestaan op die oomblik uit drie verteenwoordigers elk van die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag; twee elk van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings en die Reddingsdaadbond; en verder ds. I. D. Krüger, wat voorsitter is van die Tussen Kerklike Kommissie van die Afrikaanse kerke, prof. L. J. du Plessis (voorsitter), en dr. P. J. Meyer (sekretaris).

### *Goddelike Eindbestemming*

„Die Afrikaanse volksleiers wat aan die spits van hierdie volksorganisasies staan, het 'n eenheidsfront geskep omdat hulle oortuig is dat hulle as werktuie van God dit in hul hande het om die Afrikanerdom binne afsienbare tyd te lei na sy goddelike eindbestemming en die voorlopige eindpunt van sy historiese ontwikkeling."

**Dit is ongetwyfeld noodsaaklik om daaraan te herinner dat een van die deelgenote aan die Komitee, nl. die Herenigde Nasionale Party, in 1948 die staatsmag in hande gekry het en derhalwe in 1950 oor die mag beskik om die Afrikanerdom te lei „na sy Goddelike eindbestemming en die voorlopige eindpunt van sy historiese ontwikkeling."**

Dit is derhalwe van die grootste belang om te weet wat die Komitee in 1941 as sy gemeenskaplike beleidsdoel gestel het.

### *Die Beleidsdoel*

Prof. Du Plessis het in 1941, namens die Komitee, verklaar:

„Die Afrikanereenheidskomitee aanvaar as onontbeerlik vir die voortbestaan en gesonde ontwikkeling van die Afrikanerdom die volgende gemeenskaplike beleidsdoel:

(a) **„'n Christelike Nasionale Republiek:** Die toekomsstaat van die Afrikaner moet waarlik Republikeins vry en Christelik-Nasionaal wees.

(b) **„Grondslag:** Hierdie staat moet erken as grondslae: die ewige regsbeginsels van die Woord van God, die duidelike ontwikkelingsrigting van ons volksgeskiedenis en die noodsaaklike aanpassing van hierdie verlede aan moderne omstandighede.

(c) **„Staatsvorm: Die staatstelsel mag nie op vreemde model geskoei wees nie, moet geen valse of volkskadelike demokrasie wees nie en moet 'n kragtige landsregering moontlik maak, gebou op die begrippe van volksregering van ons Republieke in die verlede met die nodige aanpassing in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelang.**

(d) **„Burgerskap:** Die Afrikaner, as die oorspronklike ontginner van die land, moet in sy burgerskap bevestig word en beskerm word teen oorheersing deur diegene wat nie hul volste trou aan die land wil gee nie. Sy regte moet absolute beskerming ontvang en oral en altyd gehandhaaf word.

(e) **„Verhouding tot Gemeenskapskringe:** Op die gewetensvryheid en die selfstandheid van die verskillende in die skepping geronde kringe moet geen inbreuk gemaak word nie, in so ver daardeur nie die neergelegde staatsbeleid ondermyn word nie."

### *Die Afwykinge*

Ek wil my lesers se aandag daarop vestig dat die Christelike Nasionale Republiek wat bepleit word nie verwar mag word met die Empire-Republiek, wat die Britse konneksie behou, waarna deesdae gestreef word nie.

En voorts dat die uitdruklike aanvaarding van die ontwikkelingsrigting van ons volksgeskiedenis as beleidsgrondslag heeltemal strydig is met en verhewe is bo die hedendaagse pleidooi dat die dooie verlede sy dooies moet begrawe.

**Dit is tewens verder nuttig om daarop te wys dat die staatsvorm wat bepleit word, gebou moet wees op die begrippe van volksregering van ons Republieke en nie 'n voortsetting moet wees van die uitheemse Britse parlementêre tradisie nie.**

### *Staatsbeleid*

Ten aansien van die staatsbeleid het die Komitee die toekomsbeleid soos volg neergelê:

(1) **„Ekonomies:** Die uitbuiting van die Afrikanerdom deur enige geldmag moet beëindig word. Die rykdomme van die land moet kragtig ontwikkel word in volksdiens en tot versekering van 'n menswaardige bestaan aan elke volkslid.

(2) **„Rasseverhoudings:** In die verhoudings tusen blank en gekleurd moet die voogdyskapbeginsel gehandhaaf en die gelykstellingsbeleid verwerp word.

(3) **„Beroepslewe:** Die agterstand van die Afrikanerdom in die verskillende beroepe moet verwyder word.

(4) **„Onderwys en Opvoeding:** Die onderwys moet op Christelike-nasionale grondslag berus en die handhawing van moedertaalmediumonderwys moet verseker wees.

(5) **„Volksorg:** Vir die volksgesondheid, versorging van oues van dae en gebrekkiges, opheffingsdienste, beskerming teen werkloosheid en behoorlike beheer oor vermaaklikheid moet die staat die volste mate van verantwoordelikheid neem.

(6) **„Volksdissiplinering:** Die sterkste nadruk moet gelê word op 'n doeltreffende dissiplinering van die volk. Die leiers moet volkome gehoorsaamheid en trou van die Afrikanerdom kan verwag, so lank hulle die staat of ander werksaamhede van volksbelang bestuur ooreenkomstig die weg deur die Afrikanerdom self aangewys is en uit sy geskiedenis volg."

### *Koersvastheid*

Ten aansien van die laaste punt wil ek die leiers van ons volk herinner dat onomwonde neergelê word dat hulle slegs aanspraak kan maak op die trou en ondersteuning van die volk „so lank hulle die staat of ander werksaamhede van volksbelang bestuur **ooreenkomstig die weg wat deur die Afrikanerdom self aangewys is en uit sy geskiedenis volg.**" Dit beteken dat 'n leier nie die reg het om Afrikaners se steun af te dwing met behulp van koerantpropaganda of dreigemente van politieke en sosiale diskriminasie teen hule nie. 'n Leier het die reg om aanspraak te maak op ondersteuning slegs op grond van sy koersvastheid en beginselvastheid.

### *Boere Spring Vry*

Een van my lesers uit die Transvaal wat heel beskeie as „Transvalertjie" bekend wil staan skryf:

„In Die O.B. van 18 Oktober sien ek dat mev. Van der Westhuysen ontevrede voel oor die wyse van Inkomstebelastingaanslag vir die boere. In die loop van my werk kry ek te doen met die belastingopgawes van verskeie beroepe en as daar iemand is wat belasting vryspring dan is dit die boere. Amptenare soos u en ek se salaris word aan die Ontvanger van Inkomste verstrek en ‚betaal is die wet van Transvaal'. Meeste boere maak 'n skatting van petrol- en ander uitgawes en oor lone is weinig kontrole. Die gevolg is dat meeste boere elke jaar 'n geweldige verlies het. Dit ten spyt koop hulle al meer grond. 'n Verandering in die inkomstebelasting-stelsel wat die euwels sal uitskakel sal die nie-boere troos, maar ek vrees dat die boere daarteen in opstand sal kom."

### *Plaaslike Kontak*

„Maar nou wil ek self 'n klagte bring", skryf my leser voorts. „Ek het in 1947 uit die staatsdiens getree en het sedertdien weer lid van die Ossewabrandwag geword. Al verband wat ek tot dusver met die beweging gehad het, was deur die omsendbriewe en die offisiële orgaan. Plaaslike kontak bestaan nie. Ongelukkig kan ek nie na Bloemfontein gaan nie, maar die punt kan gerus daar van nader beskou word."

Ek is baie bly dat „Transvalertjie" hierdie laasgenoemde saak aangeroer het. Dit verdien wel deeglik die aandag van diegene wat verantwoordelik is vir die organisasie van die Ossewabrandwag. Daar is baie offisiere in ons beweging wat op hul louere rus. Hulle doen hoegenaamd niks om nuwe lede vir die O.B. te werf nie: hulle besoek nie eers nuwe intrekkers om uit te vind of hule O.B.-lede is wat ingeskakel kan word by die plaaslike organisasie nie. Daarteenoor is dit ook waar dat baie O.B.-lede, wanneer hulle in 'n vreemde omgewing aanland geen poging aanwend om kontak te soek met die plaaslike organisasie nie. Hulle behoort dit te doen.

Terloops, baie dankie „Transvalertjie" vir die kiekie wat u gestuur het. Ek het dit aan die redakteur van die Boerejeug oorhandig.

---

## Dooiepunt Oor Duitse Leër

Daar is 'n dooiepunt bereik in die beraadslagings van die Westerse moondhede vir die oprigting van 'n Europese Weermag. Geen eenstemmigheid kon bereik word oor die plek van die Duitse leër in Europa se verdedigingsmag nie.

Shinwell, die Verdedigingsminister van Brittanje, en Moch, die Verdedigingsminister van Frankryk, is albei Jode.

Die oprigting van 'n gesamentlike Europese Weermag is dringend noodsaaklik om Europa te beskerm teen Russiese agressie.

## Die Parlement: Van waar en Waarheen?

# UNIE-PARLEMENT PRODUK VAN DOWNING STREET

## Geen Spoor van gewese Republiek

**Die jare 1852 tot 1854 was baie belangrike jare vir die hele Suid-Afrika. In 1852 is die onafhanklikheid van die Transvaalse Republiek deur Engeland erken en in 1854 dié van die Oranje-Vrystaat. In 1854 het die ou Kaapse Parlement ook vir die eerste keer tot stand gekom. Die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) en Vrystaat was uitvloeisels van die Groot Trek en is dus gebore uit 'n suiwer Suid-Afrikaanse volksbeweging. Die konstitusionele wet wat die ou Kaapse Parlement tot stand gebring het, het in Tafelbaai gearriveer op 21 April 1853. Dit is deur die skip „Lady Joycelyn" gebring uit Downingstraat, Londen, Engeland.**

Deur A. J. van Rooy

Hierdie konstitusie het voorsiening gemaak vir 'n parlement wat bestaan het uit 'n goewerneur, 'n verkose wetgewende raad met vyftien lede onder voorsitterskap van die hoofregter, en 'n verkose volksraad met ses-en-veertig lede. Daar was nog nie ministers soos ons dit vandag ken nie. Die vier hoogste staatsamptenare het die reg gehad om aan die verrigtinge van albei huise deel te neem sonder stemreg.

Die „Wetgewende Raad" het tot 1885 in die ou hooggeregshof wat vandag nog op die hoek van Adderley- en Waalstrate staan, byeengekom. Die „Volksraad" (House of Assembly) het byeengekom in 'n gebou wat aan die bo-end van Parlementstraat gestaan het en wat van 'n Vrymesselaarslosie gehuur is.

### SELFDE GEBOU

In 1885 het albei huise oorgetrek na die Parlementsgebou wat vandag nog na 65 jaar die Parlementsgebou van die Unie van Suid-Afrika is.

Die hoërhuis (Wetgewende Raad) was in daardie dae nie die mak Senaat van vandag nie. Gedurende die eerste tien jaar van sy bestaan het hulle byna die helfte van die wette wat deur die laerhuis aangeneem is òf verwerp òf verander. Teen hierdie tyd is algemeen gevoel dat die Kaapkolonie ten gronde gaan onder hierdie grondwet. Sir Philip Wodehouse, die goewerneur, was ook heeltemal daarvoor dat die hele parlement maar liewers afgeskaf en vervang word deur 'n enkele verteenwoordigende kamer.

### SELFBESTUUR

Daar is egter maar aangesukkel tot in 1871 toe 'n lid van die Volksraad voorgestel het dat die grondwet so verander sou word dat daar in die vervolg ministers sou wees. Die hoërhuis het hierdie mosie egter ook verwerp, nadat dit deur die Volksraad aangeneem was. In 1872 is die wet deur nadat twee lede van die hoërhuis, dr. Hiddingh en mnr. De Roubaix op 'n baie sensasiewekkende wyse „gedraai" het. Koningin Victoria het die wet goedgekeur en op 1 Desember 1872 is die eerste Kaapse kabinet saamgestel. Daarna het dit darem beter gegaan. Die Kaapkolonie het uiteindelik selfregering gehad, nadat dit moeisaam die volle proses van konstitusionele ontwikkeling deurgegaan het.

### VOORSPELLING

**Gedurende die jare vyftig egter het een van die Kaapse politici die dag in die vooruitsig gestel wanneer ook dié wat die Kaapkolonie verlaat het om na Natal en die republieke van die Transvaal en Vrystaat te gaan weer saam sou kom in 'n gesamentlike Suid-Afrikaanse staat onder een parlement te Kaapstad.**

Hierdie dag het aangebreek op 31 Mei 1910. Op die laaste dag van die ou Kaapse Parlement het John X. Merriman gesê: **„Ek hoop dat dié van ons wat gelukkig genoeg is om setels te verkry in die Unie-parlement die hoë tradisies van die parlement wat nou opgebreek word, sal voortsit en op dié wyse die toekomstige karakter van die parlement van Suid-Afrika sal opbou."** John X. Merriman se wens het waar geword.

### ALLES OORGENEEM

Sowat 50 lede van die Kaapse Parlement het lede geword van die Unie-Parlement.

**Die speaker van die Kaapse Parlement het speaker geword van die Unie-parlement.**

**Die beamptes het met twee uitsonderings beamptes geword in die Unie-parlement.**

**Die reëls wat die prosedure vastel is oorgeneem.**

**Die gebou is oorgeneem na die aanbring van 'n nuwe vleuel.**

**Die banke van die parlementslede is deur die Unie-parlement oorgeneem.**

**Behalwe bogenoemde is die volgende ook deur die Unie-parlement van die ou Kaapse Parlement geërf:**

**Die stoel van die Speaker.**
**Die tafel van die Huis.**
**Die joernale, die uurglas, die septer met kas en al.**

**Met ander woorde, die Parlement van die Unie van Suid-Afrika was nie die einde van die ou Kaapse Parlement nie — dit is die voortsetting daarvan.**

### CAPE HISTORY

**Van hierdie oogpunt beskou, is die Unie van Suid-Afrika eintlik net 'n vergrote Kaapprovinsie. Na 1910 was die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika maar net weer „Cape History"** Die senaatsaal van vandag is nog dieselfde saal waar die ou „Wetgewende Raad" onder voorsitterskap van sir (later Lord) Henry de Villiers gesit het. Die Unie-volksraad sit nou in 'n ruimer vertrek wat later aangebou is, maar die meubels is egter nog dieselfde. Die portrette teen die mure is dié van ou Kaapse goewerneurs en staatsliede. Êrens teen 'n muur is 'n „Unicorn" (perd met een horing) wat uit die House of Commons te Londen uitgekap en hier ingemessel is. **Van die vroeëre volksrade van Transvaal en Vrystaat sien mens egter niks. Wanneer mens in die Parlementsgebou rondstap, dan is dit of daar nooit 'n Vrystaatse Republiek was, nooit 'n Transvaalse nie. Suid-Afrika het maar net een tradisie wat bly voortleef het — dié van die ou Kaapse Parlement, wat tot stand gebring is deur die grondwet wat op 21 April 1853 met die „Lady Joycelyn" uit Downingstraat, Engeland aangekom het.**

### FINALE STAP

**En in 1949 het die Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika na Downingstraat, Engeland, gegaan ter voorbereiding van die finale stap in hierdie proses van konstitusionele ontwikkeling: 'n republiek, met 'n grondwet wat eenvormig is met dié van ander Statebondslande, wat ook maar dieselfde konstitusionele ontwikkeling deurgegaan het onder die kalme sorg van Moeder Engeland — vandaar die benaming susterstate!**

Ons het nou gesien dat die konstitusionele ontwikkeling langs 'n sekere lyn dwarsdeur ons geskiedenis geskied het. **Dit het begin by Lord Charles Somerset, voortgegaan onder goewerneurs soos sir Benjamin D'Urban, sir Philip Wodehouse, sir Henry Barkly, speakers soos sir Christoffel Brand en sir James Molteno en eerste ministers soos Sprigg, Rhodes, Schreiner, Jameson, Merriman, Botha, Smuts, Hertzog en Malan.**

**Mag die dag spoedig aanbreek wanneer ons finaal sal breek met hierdie konstitusionele rigting en deur staatshervorming sal voortgaan op die weg wat uitgestippel is deur manne soos Adriaan van Jaarsveld, Piet Retief, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter, Paul Kruger, Martinus Steyn, Christiaan Beyers en Jopie Fourie, deur die Groot Trek, die Anglo-Boereoorloë, die Rebellie 1914 en die „Stryd Sonder Gewere" van 1939 tot 1945.**

## Beloning Vir Veilige Bestuur

Motorbestuurders, professioneel of privaat, sal in die toekoms vir lang tydperke van veilige bestuur beloning ontvang. Die Nasionale Padveiligheidsorganisasie kom van die begin van volgende jaar of voor die dag met 'n nuwe plan om veilige bestuur te bevorder.

Die skema wat beoog word, het twee afdelings, een vir beroepsbestuurders en die ander vir private motoriste.

Belonings vir veilige bestuur sluit in diplomas, sertifikate en kentekens wat aan voertuie geheg kan word. Sulke belonings sal ander bestuurders ook aanmoedig tot veiliger bestuur.

(Vervolg van kolom 5)

met 'n legio van vraagstukke, wil ons tog aandring dat beslis verklaar word watter soort republiek ons as ideaal stel. Anders kry die opposisie die gedagte dat die party wat tans die grootste deel van die Afrikaanssprekendes verteenwoordig vir altyd tevrede is met die stelsel wat ons van Brittanje geërf het."

Met verwysing na die moontlike vereniging van die H.N.P. en Afrikanerparty, spreek die skrywer die hoop uit dat daar grootmoedigheid aan albei kante geopenbaar sal word:

**„As ons die hand kan uitsteek na die kant van die Engelse, dan tog seker ook na die wat nader aan ons staan."**

# Moet Sê Watter Stelsel Ons Wil Hê Vir Republiek

**„Hoewel ons weet dat die regerende party sy hande vol het met 'n legio van vraagstukke, wil ons tog aandring dat beslis verklaar word watter soort republiek ons as ideaal stel. Anders kry die Opposisie die gedagte dat die party wat tans die grootste deel van die Afrikaanssprekendes verteenwoordig vir altyd tevrede is met die stelsel wat ons van Brittanje geërf het," skryf prof. S. du Toit, van Potchefstroom, in die jongste uitgawe van die tweemaandelikse tydskrif KOERS.**

Die skrywer verwys na dr. Malan se onlangse toespraak in Durban waarmee hy „in breë trekke" kan saamstem, veral omdat dr. Malan die voortbestaan van partye wat op beginselgrondslag verskil, aanvaar, maar verklaar dan as volg:

**„Ons moet egter waarsku dat ons ideale nie verwater mag word terwille van toegewinge aan die Engelse nie. Ons Engelse mede-burgers moet bv. weet dat ons onverbiddelik vashou aan die republikeinse ideaal en dat ons as die ideaal bereik is in vrede en vriendskap wil lewe met die volkere, ook met Engeland, maar dat ons volkome vry wil wees om ons vriende te kies en nie vir altyd lid van 'n Britse Gemenebes wil bly nie.**

### GRONDSLAG VAN 1941

„Verder moet duidelik gestel word dat ons altyd 'n demokratiese regeringstelsel sal nastrewe en dit ook vir die toekomstige republiek begeer, **maar dat ons 'n eie Suid-Afrikaanse staatstelsel beoog wat rekening hou met ons geskiedenis. Ons wil wegdoen met alles wat ‚vals en volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend' (1941).**

„Hoewel ons weet dat die regerende party sy hande vol het

(Vervolg in kolom 3)


*OPLEIDING . . . HUL TOEKOMS*



**Maar die koste ?**

Tiena en Johan was albei ywerig in hul studies, en hul toekoms was baie belowend. Hulle sou dit nog baie ver in die lewe bring.

Maar, om hul ideale te bereik, sou baie meer kos as wat hul ouers gewoonweg kon bekostig, want die opleiding van 'n ingenieur of dokter kos baie honderde ponde.

. . .

Gelukkig het hul ouers vroegtydig besef dat die nodige geld nie net in 'n jaar of twee bymekaar gemaak kan word nie. Daarom het hulle betyds—toe albei kinders nog klein was—hul toekoms verseker deur *Sanlam-Studiepolisse.*

● **En U kinders? Sal hulle die loopbane kan volg wat vir hulle, vir u, en vir die samelewing van groot betekenis kan wees? Vra dadelik hoe Sanlam U en U kinders se ideale kan help verwesenlik.**

●

Suid - Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy.Bpk.
*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

Sanlam, Afdeling 17d, Posbus 660, Kaapstad.
*Laat my asb. dadelik weet hoedat u my kan help om vir 'n studiefonds vir my kind voorsiening te maak.*

NAAM :..............................

ADRES :..............................

..............................

*Beroep:*.............. *Ouderdom volgende verjaarsdag*..............

*Kind se ouderdom volgende verjaarsdag*..............

54

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## TE KOOP

Koop gebaalde lusernhooi direk van die produsent teen 6/- per 100. V.o.s. Modderrivierstasie. Minimum 7 ton k.m.b. L. J. Marais, Bus 26, Modderrivierstasie. 1/11/3B

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos", **Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49



**EKSTRA Beskerming!**

SANTAM SE „HUISBEWONERS-Polis" beskerm u Meubels en Huisinhoud nie net teen Brandskade nie maar ook nog teen skade deur—

- Inbraak
- Storm
- Water
- Aardbewing
- Onluste
- Ontploffings; ens.

Vir VOLLE BESKERMING—
'n SANTAM
„HUISBEWONERS-Polis"

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-8a

**Antigrys herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEËLS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS. 8/11/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

# Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..............................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

*NAAM*..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................

..............................

..............................

..............................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# HET GELY VIR 'N REPUBLIEK

**„Gebore Republikein," Kaapstad, skryf:**

Ek wens net my persoonlike waardering uit te spreek dat u die volk se republikeinse ideaal so pertinent stel en lewendig hou — 'n republiek so suiwer en onafhanklik as wat president Steyn en Kruger dit gestel en in praktyk gehandhaaf het. Hoewel ek nie aan die O.B. behoort nie, is ek tog een van die getroustes om u blad te lees. Dit is my oortuiging dat hy wat net een koerant lees, 'n onkundige bly en slegs subjektiewe politieke menings daarop kan nahou. Eersdaags sal daar op Bloemfontein 'n O.B.-laertrek wees, waaruit ek hoop daar ook vir my nuwe inspirasie en republikeinse lekkerkry sal voortspruit.

As 'n oud-geïnterneerde van die Empire-bewind in S.A. moes en het ek my bydrae gelewer deur as een van die sieklikstes byna twee jaar lank saam met honderde ander op 3¼ acre grond onder die Koffiefonteinse mynhoop, draad te kou en volksmarte te help dra. Daar het ons gepraat van ons woonplek as ons „REPUBLIEK." As dan een van ons die kamp kon verlaat na jare van gevangenisskap, dan het ons altyd twee rye gestaan en het ons gelukkige kameraad wat na vryheid kon stap in die rye deurgeloop hek toe, terwyl ons hom onder musiekgeskal toegesing het: **„LOS VAN ENGELAND".** Die kameraad het na vryheid(?) gestap. Dit was vryheid om sy dierbares weer te kon sien, maar ons het tog weer besef dat dit 'n uitstappery was na die demokratiese partypolitieke gemors van broedervyandskap, want dit is mos die hoogste prestasie van die partypolitiek. Paul Kruger het 'n volksgesagstaat gehad—en dit is die suiwerste vorm van demokrasie — wat die partypolitici een en almal as diktatoriaal bestempel ten einde verdeeldheid te saai, sodat die Britse stelsel van demokrasie kan hoogty vier — die ou Britse voordelige **VERDEEL EN HEERS**-gedragslyn.

Ek wonder wat u lesers van my beskouings dink? Ek sal baie graag lees wat hulle gevoelens ook is.

Nou sê 'n vriend dat die andere al vir twee jaar vir aandag wat belowe is wag.

Wat weet u van die saak? Is dit so dat die kabinet aan die wat nog op aandag wag regstreeks of onregstreeks aandag in die vooruitsig gestel het? 'n Vriend het my 'n brief van die minister van Justisie getoon, waarin gesê is dat sy geval aandag sal geniet, en die brief is al meer as twee jaar gelede ontvang, en daar is nog niks aan my vriend se geval gedoen nie. Dat daar onregverdigheid deur die vorige staatsbewind gepleeg is, wat nog nie deur die huidige bewind in die reine gebring is nie, sal niemand wat op hoogte is, betwis nie.

Indien ons huidige bewind met sy pragtige prestasie sover, die volkseenheid wil bevorder soos allerweë gewens word, dan moet aan hierdie saak wat ek aanroer die onmiddellike aandag gegee word, of anders moet mens aanneem dat dit 'n geval is van vinkel en koljander. Ek vra maar slegs wat wat is. As u nie genoegsaam op hoogte is nie, kan u dan nie uitvind nie?

(Ons kan aanneem dat die Bond van Oud-geïnterneerdes hierdie saak behartig en dat inligting van die sekretaris verkry sal kan word.—Red.)

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Nog Vasberade

**Mnr. P. A. Swanepoel, Gemsbokfontein, Pos Naboomspruit, skryf:**

Offisiere en Brandwagte, ek wil graag 'n kort briefie skryf in verband met die laertrek te Bloemfontein om te sê dat dit my spyt dat ek nie daar kan wees nie. Ek is 'n vader van sewe seuns; vier en drie skoonseuns. Ongelukkig kan nie een van ons daar wees nie weens onvoorsiene omstandigheid. Al my seuns en ek is nog vasberade Ossewabrandwagte en getrou. Ons gee die K.G. die versekering dat ons sal vasstaan. Ek kan maar net sê dat ons van harte saam gaan met die belangrike bespreking wat daar sal wees, en hoop dat dit groot seën sal afwerp vir behoud van ons volk en vaderland. My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.

## Behandeling Van Gewese Ge-interneerdes

**„Reg moet geskied", Kaapstad, skryf:**

Ek voel 'n bietjie ontsteld: As iemand wat destyds 'n hoë ampsdraer van die H.N.P. was en ook aktief in die Ossewabrandwag belangstelling getoon het, en wat byna agter die doringdraad op Koffiefontein beland het, stel ek baie belang in die rehabilitasie van die oud-geïnterneerdes. As my gegewens korrek is, dan het die oud-soldate, die spoorwegmanne en ook die polisie wat betrokke was in oorlogslyding, aandag ontvang en is rehabiliterend teenoor slegs seksies van die betrokke Afrikanerdom vir kwaadwillige vervolging van die vorige Smuts-bewind deur die huidige bewind, bewerk.

**MÜLLER SE MUSIEK-SENTRUMS**

**Kaapstad . Parow . Bellville**
**Paarl . Worcester**
**Stellenbosch**

**R. MÜLLER BPK.**

# Sinode Pleit Vir Welwillendheid

**Die sinode van die Kaaplandse N.G. Sendingkerk wat op Worcester vergader het, het 'n verklaring uitgereik waarin die apartheidsopvatting van die Kerk beskryf word as die nastrewing van „die eiesoortige ontwikkeling van sy lede op kerklike gebied." Die sinode het besluit om geen uitspraak te lewer oor die politieke aspekte van apartheid nie omdat die politiek nie die Kerk se terrein is nie. Voorts het die sinode die verslegting van onderlinge rasseverhoudings betreur en 'n „uitdaging" aan die Christelike blankedom gerig om die Kerk se lidmate in hul opwaartse strewe by te staan.**

**Die verklaring lui onder meer:**

„Hierdie H.E. vergadering wil baie duidelik onderskei tussen apartheid wat in hierdie dae 'n politieke kreet het en deur politici goed- of afgekeur, voorgestaan of teengestaan word enersyds en eiesoortige ontwikkeling en ontplooiing op kerklik gebied soos dit al die jare in die N.G. Sendingkerk aanvaar is andersyds.

„Wat die veel besproke politieke aspek van die saak betref, weier hierdie H.E. Sinode om die politieke terrein te betree en 'n politieke beleid goed of af te keur en so die gees van die politieke verhoog in die hoogste vergadering van die kerk in te dra.

„Hierdie H.E. vergadering wil dit ook baie duidelik neerlê dat, as konstitusioneel onafhanklike kerk, die N.G. Sendingkerk geen medepligtigheid aan of verantwoordelikheid vir die optrede van enige ander kerk t.o.v. die staatkundige apartheidskwessie aanvaar nie.

### OPHEFFING

„Die H.E. vergadering beskou die Woord van God ook nie as 'n handboek wat 'n nuttige formule, of 'n resepboek wat 'n handige resep, vir elke politieke verskil onder mense gee nie. Inteendeel, die land se grootste deskundiges in die godgeleerdheid verskil in hul uitsprake t.o.v. hierdie aangeleentheid.

„Hierdie H.E. vergadering wil egter konstateer dat dit die voorneme van die N.G. Sendingkerk is om soos in die verlede, as afsonderlike kerk wat die eiesoortige ontwikkeling van sy lede op kerklike gebied nastreef, te volhard in sy godgegewe taak van die opheffing van die Kleurlingbevolking op geestelike, sedelike, maatskaplike en opvoedkundige gebied, trou aan die opdrag van die Meester, soos vervat in Mattheus 28, vers 19 en 20, en die weg waarop die hele Skrif die gelowiges aanwys. En in die praktyk is daar genoegsame en gegronde redes waarom op kerklik-godsdienstige gebied eiesoortigheid beoefen moet word."

Na 'n beroepdoening op die Kleurlingbevolking rig die Sinode „'n ernstige uitdaging tot die Christelike blankedom om ons mense in hul opwaartse strewe by te staan, veral met betrekking tot die bestryding van alle euwels wat aan die wortels van hul bestaan kanker. Euwels soos drankmisbruik, die gewetenlose uitbuiting van gelddorstiges en enige maatreëls wat doelbewuste onderdrukking mag beteken. ‚Die liefde doen die naaste geen kwaad nie' (Rom. 13, vers 16). ‚Op ons wat sterk is rus die verpligting om die swakhede te dra van hulle wat nie sterk is nie en onsself nie te behaag nie' (Rom. 15, vers 1)."

Eindelik verklaar die Sinode: „Hierdie vergadering betreur die verslegting van onderlinge rasseverhoudinge en laak veral die oorbeklemtoning van geskille soos deur die dagpers hier en oorsee beoefen. Gedagtig egter aan soveel wat tot dankbaarheid stem, wil hierdie H.E. vergadering dit as sy doel stel om sover dit in sy vermoë is, rassesamewerking te bevorder in die gees van die enigste vorm deur God daar gestel, naamlik Sy Woord. Die evangelie van Jesus Christus en die Christelike godsdiens is en bly die sterkste bindende krag op aarde en elke Christen, van welke bevolkingsgroep ookal, behoort en moet 'n apostel van welwillendheid wees."

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 8 NOVEMBER 1950

# WAAROM DIE LAERTREK ?

## 'n Paar Interessante Feite oor die Geboorte van die O.B.

Vandag, 7 November, vind die derde Uniale Laertrek van die Ossewabrandwag in Bloemfontein plaas. Hierdie gereelde byeenkomste van die offisiere en lede van die O.B. bied aan ons die geleentheid om die afgelope tydperk in oënskou te neem en dan weer volgens die tekens van die toekoms, ons aksie vir die periode wat voorlê, te bepaal.

Aan die offisiere en brandwagte van ons Beweging wat nou daar vir samesprekings byeenkom, stuur ons die volgende boodskap: „Die oë van ons, die toekomstige geledere van ons Volksbeweging, is op u gerig; mag u besluite so wees om ons in staat te stel om wanneer ons beurt kom, die groot taak van ons Beweging te kan voortdra."

Seker al die laergangers in Bloemfontein, ken die O.B. as iets waaraan hulle self gebou het — hulle het gehelp om die geskiedenis sover te skryf. Vir meeste van ons, die Boerejeug, is die verlede seker net geskiedenis — ons was te jonk om te help skryf. Om die verlede so 'n bietjie op te helder, gee ons hier vir julle so 'n paar grepe uit die vroegste dae van ons Beweging. Onthou hierdie interessante feite — julle ouers het daaraan gehelp bou.

★

Met die koms van die Ossewaens na Bloemfontein in 1938 is dr. Hans van Rensburg, toe Administrateur van die Vrystaat, belas met die organisasie van 'n perdekommando, wat hy aangepak het met behulp van kol. Laas, destyds organiserende stafoffisier vir Verdediging - Skietverenigings. Die resultaat was uiters teleurstellend. Waar hulle gehoop het op 'n kommando van 2,000 ruiters, het slegs 130 opgedaag. Na aanleiding van hierdie vertoning van gebrek aan dissipline en samewerking het die dr. Van Rensburg die wenk aan kol. Laas gegee om in sy organisasiewerk kerngroepies in elke kommando te oragniseer op wie gereken sou kan word by geleentheid van optogte, kranslegging, ens. Om moontlike agterdog en teëwerking van die regering te vermy het dr. Van Rensburg daarop aan die hand gegee dat die organisasie van die kerngroepies aan die Ossewatrek gekoppel word met die naam **Ossewabrandwag.** Hier merk ons reeds die één belangrike hoeksteen van die O.B.-ideologie, die dissiplinering van die volk.

Die taak is 'n stappie verder gebring toe die wenslikheid net daarna bespreek is om 'n organiasie in die lewe te roep wat die gees van die Ossewatrek sou bestendig in diens van die Voortrekkerideale en die volk. Daarmee is die tweede belangrike gedagte van die Ossewabrandwag, die samesnoering van alle Afrikaners in een magtige beweging, te berde gebring. As gevolg van hierdie samesprekings (November 1938) in Bloemfontein, is besluit tot die stigting van die organisasie. Opdrag is gegee om die grondbeginsels van die Beweging te formuleer en 'n begin is toe gemaak met organisasie.

Die offisiële stigting het plasgevind in Bloemfontein op 4 Februarie 1939 toe ongeveer veertig persone uit die Vrystaat en twee persone uit Transvaal ingesweer is met die plegtige eed om nie te rus alvorens die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie.

★

En so vergader ons nou weer om by hernuwing daardie eed teenoor ons God, ons Volk en Vaderland af te lê. Twaalf jaar is agter die rug sedert die eerste besluit om die O.B. te stig, in November 1938 geneem is — baie het moeg geword en uitgesak, andere het bang geword en sagter kussings gaan soek, andere skree nog van seepkissies af. Ons plig en taak is dit egter om aan te hou, om daardie gedagte voort te dra en **om nie te rus alvorens die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie.**

*Vir ons Offisiere Verduidelik ons . . . .*

### ONS BELEIDSPUNT NO. 3 *(Deel IV)*

# Beroepsverteenwoordiging

**KONFLIKTE**

Daardie kritiese leser van so-ewe sal alweer met 'n beswaar kom en sê: „Ja, dis alles wel. Maar wat van die botsende belange tussen die groepe? By voorbeeld tussen boer en stedelike verbruiker, ens.?"

Ons gee geredelik toe dat daar botsings gaan wees. **Maar hulle is vandag onder die partystelsel ook daar.** Trouens, die hele lewe is 'n konflik en wrywing. Dit is die wet van die stryd om die bestaan — een van die natuurwette; en die enigste akkergrond, waar alle konflikte — of altans alle menslike konflikte — opgelos is, is in die kerkhof.

Maar dit alles is nog geen rede om nie vakkundige verteenwoordiging te kry nie. Om weer 'n voorbeeld te noem: Byna alle boerevertakkings is verteenwoordig in die S.A.L.U., en tog weet ons almal dat daar belangebotsings binne daardie Unie moet voorkom. Die suiwelboer, wat sy koeie moet voer, die wil goedkoop koeivoer bry en die mielieboer wat sy lewe uit die mielieoes moet maak en sy landbankrente daaruit moet betaal, die wil hê dat mielies nie vir 'n appel en 'n ei moet gaan nie. Nietemin is hulle albei boere en albei is in die Landbou-unie georganiseer. Binne die S.A.L.U. moet hulle botsings in elk geval opgelos word.

**Hoe nader hulle aan mekaar georganiseer is hoe beter is die vooruitsigte vir 'n billike oplossing en vir die kans dat elkeen die ander se moeilikheid sal kan begryp.**

**In die partystelsel word daardie konflikte gladnie opgelos nie** . . . . hulle word net teen mekaar afgespeel, behalwe in so ver as hulle op die lange baan geskuif kan word.

En in eleksietye word daar woes beloof, natuurlik.

Maar die Ossewabrandwag wil ook op hierdie punt verder gaan en die saak nie net aan die verhoopte goeie gesindheid van die betrokke groepe oorlaat nie.

Ons staan vir eie seggenskap vir die beroepe, asook vir hul meer direkte verteenwoordiging: **dit alles onder die koordinerende leiding van die staat.**

Bokant alle beroepe staan die staat, wat die gesamentlike volk as geheel verteenwoordig en wat die beroepe onderling moet inskakel na die algemene volksbelang, want die boer, mynwerker, spoorwegman, ens. is nie net boer of mynwerker of spoorwegman nie. Hy is tewens volksgenoot en organies verbonde met ander volksgenote wat wel aan ander beroepe en bedrywe behoort, maar nietemin sy vader of broer of suster of neef of wat ookal is.

Net soos hy 'n vakman kies om sy vakbelange te behartig, so kies hy ook 'n volksgenoot om sy volksbelange in die algemeen te verteenwoordig en daaroor te waak.

Dit is die taak van daardie gekose staatshoof of regeringshoof, wat deur die hele kiesersliggaam gekies is, om die beroepsverteenwoordigers in sy beraadslagings en staatsaksies te ken en te hoor voordat hy wette uitvaardig en stappe neem wat die volk in die algemeen en die betrokke beroepe in die besonder mag raak.

Ook vandag is daar onsekerhede, maar hulle word vandag „opgelos" deur 'n partykoukus wat nie beroepe maar wel stemme nodig het. En die stem van elke Kleurling in Distrik Ses weeg by hulle net so swaar as dié van die boer op sy plaas — al raak dit 'n boerekwessie; want die partystelsel tel koppe en nie belange nie. En die leë kop en die vol kop word albei getel as „een"!

Die beroep, egter, die tel gladnie!

Daarom sê die Ossewabrandwag: **Eie Seggenskap vir die Beroepe en Bedrywe, met Inskakeling van Beroepsverteenwoordiging in die Staat.**

*Ons Lede Se Bydrae*

# SY POGING

Nie juis dat Johan geen beter betrekking gan kry nie, maar net omdat hy van swem hou wil hy graag 'n lyfwag word. Inteendeel, hy is 'n uitstekende en kragtige swemmer en reeds op Kollege het hy al getoon wat in hom steek toe hy hul liggaamsopvoeding-instrukteer uit die swembad gered het. Hy het onverwags 'n kramp in sy been gekry, en hoewel daar baie studente tydens die voorval aanwesig was, wou nie een, behalwe Johan Neethling, dit waag om in te duik nie.

Hy het al by al die gewilde strandoorde probeer om lyfwag te wees, maar die outoriteite het maar altyd gesê hy kan nie goed genoeg swem nie. Maar sy kans sal kom. As hul hom maar net 'n kans wou gee. Maar wie sou nou sommer so goedsmoeds verdrink net om hom op die proef te stel? Nee, dit sou nie gaan nie. Hy is al weer te ligsinnig.

Maar nou is hy by Witsand, en hoewel dit nie juis alte druk hier is nie, bestaan daar tog 'n kans dat hul hom sal opneem, want gedurende vakansietye kom hier sommer baie mense. En wie weet. Miskien kom sy kans nog vandag. Waarom moet 'n man nou verdrink as daar ander is wat heeltemal in staat is om hom te help?

In hierdie stemming verlaat Johan Neethling sy kamer en stap teen die strand af. Die lug is besonder bedompig vandag, en hoewel die see baie ontstuimig is, is daar tog baie mense wat lê en lees, of hul met een of ander vermaaklikheid besig hou. Hy sal egter nie by hul bly nie, want sy gedagtes draai nou so rond dat hy liewer alleen wil wees. So diep is hy in sy gedagtes versonke dat hy eers helder kon dink toe hy in 'n ouman vasloop en die hom toesnou: „Jongman, is jy siek?"

„H'm, siek se voet," was al kommentaar, en hy stap weer aan.

Hy wou net weer omdraai toe sy ore 'n geluid opvang. Wat; kan dit moontlik wees? Ja, daar is dit weer — 'n Duidelike geroep om hulp. Iemand verdrink!

Nou wag Johan geen oomblik meer nie, maar begin nael teen die strand af in die rigting vanwaar hy die stem gehoor het. Dis ook nie lank nie of hy sien hom. 'n Manspersoon wat spartel vir al wat hy werd is om die krag van die water te trotseer. Reuse branders rol oor hom, spoel dan sag murmelend teen die seesand op, om dan weer terug te vloei na die volgende reeks branders. Dit alles kon Johan egter nie raaksien nie. Hy kon nie raaksien hoe die drenkeling hoog in die lug geswaai word, dan weer onder gedompel word, en steeds dieper ingetrek word nie. Hy kon net die angswekkende klaaghuil van die drenkeling hoor, en dit spoor hom aan om nog gouer te ontklee. Gelukkig het hy darem sy baaibroek ook aan, want hy was juis van plan om later 'n sonbad te neem.

Hy duik in die water in, maar voel nie eens die buitengewone koue nie. Al wat hy hoor is dat iemand hom terug roep. Maar wat wou. Is hul dan bang? Soos 'n waansinnige swem hy vorentoe. Dan word hy skielik ondergedompel om net weer kort by die ingaanplek uit te kom. Weer voer die water hom terug en hy bly vir 'n paar oomblikke soos 'n papier in die branders rondmaal. As hy net deur die branders kan kom. As hy nét kan deurkom. Hy moet!

Weer kom sy kop bo water en met al sy krag swem hy weer. Hy kan nou reeds voel dat sy kragte gedaan raak, maar nog net 'n endjie, dan is hy deur. Johan duik vinnig weg vir 'n groot brander, en toe hy weer sy kop uitsteek sien hy die drenkeling 'n hele ent van hom af spartel. Maar nou sal hy hom inhaal. Die branders is mos nou agter, en onwillekeurig versnel hy weer sy pas.

Maar ten spyte van die geweldige kraginspanning is daar tog iets wat hom hinder. So 'n snaakse gevoel as hy na die drenkelink kyk. Toemaar wat, sy verbeelding speel hom net parte — hy is nou daar. Hy kon ook merk dat die geroep al flouer word, maar hy kan nie nou rondkyk nie, hy moet net swem.

En dan is dit ineens alles stil. Johan kyk om. Die branders raas nog net soos voorheen, maar hy kry 'n gevoel dat hy op die oomblik alleen is. Hy kyk weer vorentoe (en jou waarlik! Die drenkeling het gesink. Kan dit moontlik wees? Hy trap so 'n tydjie water, maar besef dan dat hy dit nie so kan volhou nie, en uit gevaar dat hy sy lewe mag laat, besluit hy om maar wyslik om te draai.

Met lustelose hale swem hy terug, maar nou eers besef hy dat hy heeltemal uitgeput is. Hy is reeds tussen die branders en kan voel dat 'n ontsettende vrees hom beetpak, maar hy kan nie nou paniekerig word nie. Die branders slinger hom na willekeur rond — hy kry 'n stuk bamboes beet, klou daaraan vas, maar sy hande gly willoos weg en hy verdwyn weer onder die oppervlakte. Weer kom hy op, maar sy oë word reeds glasig en nog steeds word hy heen en weer geslinger.

En dan voel hy vaste grond, slinger vorentoe en plas deur die water, maar val weer neer en klou wanhopig aan die bamboese vas. Weer trek die water terug, en met 'n laaste poging strompel hy na vore; om dan neer te val in die arms van 'n

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 5)


gewillige helper . . . .

Johan skud sy kop. Dit voel asof daar 'n paar pond lood aan hang. Maar wat het gebeur? Vaagweg kan hy verskillende voorwerpe onderskei — 'n man — iemand buk oor hom!

„Het ek hom ingehaal? Is hy veilig?"

„Meneer dis wat ek vir jou wou sê voordat jy in die water ingeduik het. Ek was egter te laat om jou te keer. Die man wat jy vanmiddag wou red, het drie dae gelede al verdrink . . . . "

*Ons Kiekie-Album*



**Boereseuns besig met Seinwerk**

# VERJAARDAG-KETTING

8 Danie Siebrits, Franshoek.
L. Stander, Oudtshoorn.
Loffie van der Merwe, Slabberts.
9 Johannes Muller, Kakamas.
Elizabeth Knoesen, Buurmansdrift.
10 Jan Niewoudt, Vryburg.
Stefanie Siebrits, Franshoek.
R. de Villiers, Oudtshoorn.
Willie van Zyl, Outjo.
11 Roelof Joubert, Bosbokrand.
12 Annie Eksteen, Franshoek.
Magrieta Berkholtz, Frankfort.
13 Andre le Roux, Wellington.
Santie Hugo, Franshoek.
Lenie Pretorius, Rustenburg.
Christiaan Janeke, Frankfort.
14 Anna Havenga, Mafeking.
Bertie Louw, Paarl.

# RUSSE HET KIEMWAPEN VERVOLMAAK

## Maar Weste wil niks Daarvan weet

**Ontstellende feite in verband met die ontwikkeling van die kiemwapen in Rusland is vervat in die jongste aflewering van Intelligence Digest. Die mees ontstellende feit is egter dat die Westerse staatslui geen aanduiding gee dat hulle van hierdie dodelike gevaar bewus is of bewus wil word nie.**

**'n Aantal maande gelede het die blad — wat agt maande vooruit voorspel het wanneer die Russe hul eerste atoombom sou laat ontplof — gemeld dat die Russe die kiemwapen op 'n aantal politieke gevangenes uitgetoets het en dat die militêre hoofde in hul skik gelyk het met die uitslag. Tans word 'n mededeling aangehaal van 'n Oos-Europese wetenskaplike wat hom op die oomblik in Amerika bevind nadat hy in sy loopbaan kennis opgedoen het in verband met die ontwikkeling van die kiemwapen deur die Russe.**

**Die betrokke wetenskaplike word weens sy anti-kommunistiese oortuiging deur die geheime polisie gesoek en het net 'n paar dae voor die onderhoud in Amerika as 'n immigrant aangekom.**

Voor die tweede wêreldoorlog was hy direkteur van een van die grootste mediese inrigtings in die hoofstad van 'n Oosseestaat, tans 'n satelliet van die Sowjet. Toentertyd was sy anti-kommunistiese opvatting nog nie ontwikkel nie, en was hy van gevoel dat hy as wetenskaplike verhewe bo die politiek moes wees. Gevolglik het hy vriendskapsbetrekkinge met wetenskaplikes in Rusland gehandhaaf en ook professionele besoeke met Sowjet-wetenskaplikes uitgeruil. Op die wyse het hy reeds sover terug as 1923 verneem van die Russiese planne vir 'n kiemoorlog as deel van hul militêre strategie.

### NIE AANSTEEKLIK

Die Russiese bakterioloë wat hy ontmoet het, het hom meegedeel dat die amptelike mening gekant is teen die gebruik van epidemiese siektes weens die gevaar dat dit uit beheer kon raak en die opmars van die eie troepe kon belemmer.

**Aan hom is in 1924 gesê dat die moeilikheid oorbrug is deur dat daarin geslaag is om die bakterie wat verantwoordelik vir voedselvergiftiging is, die gevreesde botulisme, te isoleer. Dit is nie 'n epidemiese siektekiem nie, maar 'n middel om groot massas mense te vergiftig.** Die kieme kan nie van een persoon op 'n ander oorgeplant word nie, maar lewendige kieme kan die liggaam deur die oë, neus en mond binnedring en binne drie dae 'n pynlike dood veroorsaak. Volgens die Russiese bakterioloë kan die kieme na hul afskeiding deur 'n geheime proses onbedrywig gemaak word en vir jare, indien nodig, opgegaar word in die vorm van 'n droë poeier. Sodra hierdie poeier blootgestel word aan normale klamtoestande, word die kieme besonder bedrywig, maar sterf na 'n dag of drie, vier.

Op die wyse sal 'n reusagtige gebied wat vergiftig is, na vyf of ses dae veilig wees vir oprukkende troepe.

### DUITSERS KRY DIT

Tot in 1924 het die Russe nog nie daarin geslaag om die kieme op grootskaal te fabriseer nie en was daar ook nog geen teengif bekend nie. Toe die Duitse leërs Rusland in 1941 binnegeval het, het hulle die wetenskaplike met hulle saamgeneem en hom aangesê om ondersoek in te stel na 'n teengif vir die botulinus-kiem, maar dit het hom nie geluk nie. **Gedurende hierdie tyd het hy volledige toegang gehad tot alle Duitse geheime verslae aangaande die Russiese kiemwapen-inrigtings waarvan sommige in Duitse hande geval het. Hieruit het hy te wete gekom dat die Russe alle struikelblokke oorkom het en inderdaad daartoe oorgegaan het om die kieme op grootskaal te vervaardig en hoeveelhede daarvan op te gaar.**

### VERSPREIDING

Daar was ook verwysings na metodes van verspreiding van die kieme uit die lug deur middel van òf laagvliegende vegvliegtuie òf spesiaalbereide spuite wat met valskerms deur hoogvliegende bomwerpers gelos word, òf deur spesiaalvervaardigde bommetjies met 'n ligte lading springstof wat net genoeg is om die buis te laat oopbreek en die poeier te versprei. Sover die wetenskaplike weet, het die Duitsers egter nooit daarin geslaag om van hierdie soort wapens in hande te kry nie.

Die wetenskaplike het na die oorlog eers gehelp met die bestryding van siektes in die kampe van verplaaste persone, en het later as erkenning vir sy werk toestemming verkry om na Amerika te gaan waar hy in 'n hospitaal sou werk. **Hy verklaar dat die gebrek aan Amerikaanse kant om die gevaar waarvan hy kennis dra te besef, tot 'n groot mate sy bevryding bederf:**

**„Ek sê aan hulle dat die aanval dreig, maar hulle glo my nie. Ek sê aan hulle dat die Sowjet die verskriklikste wapens gaan gebruik wat die wêreld nog ooit geken het, maar hulle glo my nie. Wat kan ek doen om die mense die ontsettende gevaar te laat besef?"**

Die waarnemer, aldus Intelligence Digest, wat 'n veteraan van dergelike onderhoude is, meld dat hy nie kan onthou dat hy al ooit so beindruk is deur algehele opregtheid en sulke pynlike verydeling nie.

# Vakbonde Breek Weg

**'n Tweede onttrekking van vakbonde aan die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad het verlede week plaasgevind toe sewe vakbonde besluit het om hul verband met die raad te verbreek. Die vakbonde is: Die Kaapse Unie van Hotel-, Kroeg-, en Verversingswerkers; Die Kaapse Unie van Brouerywerkers; Die S.A. Verenigings van Ketelmakers; Metaalsmelters; Elektrisiteitwerkers; Bankbeamptes; en die Bakkerswerkers van die Witwatersrand.**

Voorheen het die belangrike Tipografiese Unie en die Mynwerkersbond reeds uit die raad getree.

Die Geamalgemeerde Ingenieursunie en die Vereniging van Reduksiewerkers oorweeg tans om ook uit die raad te bedank.

'n Konferensie van verteenwoordigers van al die vakbonde wat weggebreek het, sal glo eersdaags gehou word om te besluit oor die stigting van 'n nuwe federale arbeidsliggaam.

### LANG STRYD

Amptelik is daar nog geen redes verstrek waarom die vakbonde weggebreek het nie. Vermoed word dat die onttrekking 'n voorsetting is van die stryd wat reeds jare in die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad woed tussen die linksgesindes en die regsgesindes oor die raad se beleid ten aansien van Kommuniste en nie-blankes in vakbonde. Vermoedelik het die stryd opnuut opgevlam oor die kwessie van vakbonde se steun aan persone wat deur die „beredderaar" kragtens die anti-kommunistiese wet as Kommuniste „genoem" is.

'n Aanduiding dat kleurbeleid ongetwyfeld iets met die onttrekking van die vakbonde te doen het, word gegee in 'n verklaring namens die raad waarin gesê word dat die veelrassige samestelling van die land se arbeiders vir die raad probleme skep waarvoor niemand algemeen aanvaarde oplossings kan bied nie.

---

**Die herdenking van die landing van Jan van Riebeeck in 1952 sal bekend staan as die Van Riebeeck-fees, volgens 'n besluit van die betrokke komitee. Die gedagte van wat uitgebeeld gaan word is: „Suid-Afrika na driehonderd jaar", en die slagspreuk sal wees: „Ons bou 'n nasie."**

# Bespiegelings Oor Reoriëntasie

**Bespiegelings oor die posisie van die „twee Hanse" in die toekomstige politieke samestelling van die land is vervat in 'n bydrae van prof. L. J. du Plessis in die voorlaaste uitgawe van Dagbreek oor die moontlikheid van 'n politieke reoriëntasie. Hy skryf:**

'n Tydjie gelede het ons 'n paar gedagtes uitgespreek oor wat in hierdie verband moontlik lyk, en wat as onmoontlik beskou moet word. Intussen het sake verder ontwikkel en kan reeds gewaag word om sekere toekomsmoontlikhede as waarskynlik te bestempel.

Hieronder val ten eerste die stewige vestiging van die Herenigde Party in die bewind deur die sekerlik komende verwydering van die Kleurlingstemme na 'n aparte lys.

Ten tweede kan aangeneem word dat dit ook binnekort sal lei tot 'n vereniging van die Afrikanerparty en die Herenigde Party.

### „ANDER STEUN"

Ten derde kan verwag word dat hierdie regeringskombinasie sterk steun sal ondervind van kringe wat tot nog toe by die Verenigde Party geskaar was, hetsy direk of deur 'n selfstandige groepsorganisasie vir samewerking met die herbore Nasionale Party.

**Hierdie ontwikkeling sal dan saam met ander omstandighede waarskynlik meebring dat die republikeinse ideaal minder op die voorgrond gestel word en dat die aanmoediging van gebalanseerde blanke immigrasie meer beklemtoon sal word.**

Terselfdertyd sal die ekonomiese ontwikkeling van die land meer op die voorgrond tree en sal die positiewe ontwikkeling van naturelle-selfbestuur voorrang verkry bo afskaffing van die huidige parlementêre verteenwoordiging van die naturelle-bevolking.

### „STEMREG-SUSPISIE"

Deur dit alles sal die wind verder uit die seile van die Verenigde Party geneem word omdat hy eintlik alleen teen die eerste punt sterk kan optree, naamlik teen die politieke segregasie van die Kleurlinge, en die wyse waarop dit gedoen gaan word. Hierdie reaksie sal egter tot 'n groot mate sy effek inboet vanweë die suspisie dat die beswaar grotendeels geïnspireer is deur die feit dat dié Party se stemkrag aanmerklik sal verswak.

Binne die nasionaal-gesinde groep veroorsaak die bo geskets ontwikkelinge egter ook sekere moeilikhede wat veral saamhang met die persoonlikheid van die twee hoofluitenante onderskeidelik in die Herenigde Party en die Afrikanerparty, die twee Hanse, nl. Hans Strydom en Hans van Rensburg.

### TWEE STANDPUNTE

Eersgenoemde sal moeilik vrede kan vind met die voortbestaan van die parlementêre naturelle-verteenwoordiging en met die vervanging van die republikeinse strewe soos hy reeds ook openlik te kenne gegee het; en laasgenoemde sal sy Hertsogietiese gewete ten opsigte van die Kleurlingkwessie ternouernood kan sus met 'n beroep op die Speaker se beslissing. Verder is hy gebind aan die ideaal van algehele segregasie en van radikale republikanisme. Bowendien sal lojaliteit aan sy volgelinge hom verplig om samesmelting van die nasionaalgesinde partye te weerstaan as dit nie voorafgegaan word deur verwydering van die bestaande diskriminasie teen lede van die Ossewabrandwag nie.

Verwag kan word dat Hans Strydom oor sy eie besware vereers sal heenstap, as die einddoel soos hy dit sien, nie gerepudieer word nie. Hans van Rensburg sal dit moeiliker vind om insgelyks te doen. **Maar sy naamgenoot sal hom hierin baie kan help as hy die diskriminasie-slagboom, wat tog nie meer van praktiese betekenis is nie, help verwyder.** Dit sal ook meebring dat die O.B.-hoof nie meer so geneig sal wees om sy kritiek op die Herenigde Party toe te spits nie.

### DIE BUITEWÊRELD

Hoe dit sy, die Herenigde Party sal sekerlik versterk word deur die komende verwikkelinge, en as mnr. Havenga deur die Afrikanerparty gesteun word in sy samewerking met die Herenigde Party, soos tot nog toe die geval is, kan daar 'n belangrike politieke reoriëntasie uit voortvloei.

Dit is iets wat die inwendige politieke situasie grootliks sal stabiliseer, maar wat ons nie meer populêr in die buitewêreld sal maak nie — inteendeel!

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 5)

**Dit is en bly jammer dat hierdie soort sake nie buite die seksionele partypolitiek deur 'n soort volksreferendum kon opgelos word nie. Want oor die wese van die saak is ons dit tog grotendeels eens as Suid-Afrikaners, maar oor die prosedure verskil ons as partyaanhangers en die prosedure wat nou gevolg gaan word, is noodgedwonge 'n onbevredigende noodhulp.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

